

PRO REGNO

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28

Nommer 10

- Vir die Koninkryk -

10 Desember 2009 AD

In-Diepte Eksegese van Kolossense 3:16 en Efésiërs 5:19

deur prof John McNaugher DD LLD, Allegheny, Pennsylvanië¹

Bladsye 128-151 uit *The Psalms in Worship*, 'n reeks referate oor die plek van die Psalms in kerklike aanbidding, onder redaksie van John McNaugher (professor in Nuwe Testamentiese Letterkunde en Kritiek by die Allegheny Teologiese Skool, Pennsylvanië), uitgegee deur *The United Presbyterian Board of Publication*, Pittsburg, 1907. Die versameling referate is gelewer by twee berade gehou in 1905, onder leiding van die Algemene Vergadering van die Verenigde Presbiteriaanse Kerk van Noord-Amerika. In 1992 het *Still Water Revival Books* die werk heruitgegee met inleiding deur ds William Marshall waarin hy skryf dat dr David Freeman, 'n stigterslid van die Ortodokse Presbiteriaanse Kerk (in Amerika) gesê het "dat *The Psalms in Worship* is die breedvoerigste behandeling van die onderwerp wat gevind kan word". Die e-boek is by <http://www.archive.org/details/psalmsinworships00mcna>. In die vertaling hieronder word die woorde "lofsang" en "gesang" afwisselend sonder betekenis verskil gebruik in vertaling van die woord "hymn".

Soos selfs 'n vlugtige kyk na hul inhoud openbaar, is the Sendbriewe na die Efésiërs en Kolossense naby ooreenstemmend. Ongeveer die helfte van die verse in eersgenoemde het parallels in laasgenoemde, en daar is ander ooreenkomste ook. Hierdie tweelingskap word verduidelik wanneer daar onthou word dat die twee briewe op dieselfde tyd geskryf is en na gemeenskappe onder soortgelyke omstandighede. Onder die toevallighede in gedagtegang en taal tel die tekste ter onderwerp van hierdie studie, wat mekaar amper herhaal.

Wanneer daar geblaai word na hierdie duplikaat aanmanings, blyk dit onmiddelik dat hulle van sonderlinge belang is in dat hulle 'n kykie na die eenvoudige aanbidding van primitiewe tye oplewer. Hul waarde in hierdie rigting word verhoog deur die feit dat een van hulle geadresseer is aan meerdere kerke, in dat dit nou in die breë aanvaar word dat Efésiërs gestuur is as 'n omsendbrief aan Christene in die provinsie Asië. Dit is waar dat die vraag al opgekom het of hulle enigiets met aanbidding te doen het, of Paulus nie bloot raak aan die omgang van gelowiges in hul familie-lewe, maaltye van liefdadigheid, hul sosiale byeenkomste, en ander vergaderings nie, suggererende wedersydse stigting deur liedersang. Oor hierdie debateerbare punt is die algemene bevinding dat die hoof, alhoewel nie uitsluitlike nie, verwysing is na die genoemde dienste van die openbare byeenkomste, wat blyk om 'n vrye en elastiese karakter te gehad het. Dat aanbidding, sowel as gesamentlike onderwysing, in gedagte is word aangedui deur die slotwoorde in elke aanhaling – "sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here", "sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here".

Met die voorafgaande vraag beantwoord, mag dit bygevoeg word as onbetwyfelbaar dat al die bronne van die Vroeë Kerk ten opsigte van haar skat van heilige liederes omvat word in die "psalms en lofsange en geestelike liederes" hier genoem. In die drie terme is die voorraadopname klaarblyklik volledig. Hier dan is klassieke gedeeltes wat geraadpleeg moet word in verband met enige ondersoek na die himnologie van die Apostoliese tydperk, gedeeltes wat 'n beslissende uitwerking het, daarom, op watter komposisies behoorlik aangewend mag word in die voorskrifte vir lofsang.

Oor hul betekenis is daar diepgaande verskille. Die voorstanders van ongeïnspireerde lofliedere beskou hulle as bolwerke, redenerend daaruit dat in die tydperk van die Apostels die Psalmboek

¹ Die vertaler het die artikel vrywilliglik vertaal op versoek, maar verkies om anoniem te bly.

uitgebrei is met nuwe lirieke, en dat daarom, as 'n noodwendige gevolg, die geldigheid van die moderne gesang daargestel is. Sommige skrywers aan hierdie kant verklaar hulself op 'n baie dogmatiese wyse, ligtelik ontslanend van 'n teenstrydige idee. Aan die ander kant, word dit beweer dat daar geen rede is om aan te neem dat Paulus se "lofsange en geestelike liedere" enigiets anders is as die kanonieke Psalms nie, en dat daar geen lisensie hier is vir die gebruik van ander gewyde materiaal benewens die Psalms in die musikale aanbidding van God nie. Laasgenoemde is die oogpunt wat in hierdie eksegetiese gehandhaaf sal word. Dit daag die teenoorgestelde vertolking uit as gissing, en bied 'n reeks van substansiële redes vir sy eie juistheid aan.

Om mee te begin moet dit verstaan word dat huidige gebruik ten opsigte van die besproke terme geen rol speel in die bepaling van hul betekenis nie. Mens kan mislei word deur die skynbaar bekende woordgebruik, en onmiddelik dink aan die swart-en-wit verdeling wat tans gemaak word tussen Psalms en gesange. Maar ons is aan't ontsyfer wat in AD 61 of 62 neergepen is, lank voor enige van die ongeïnspireerde produkte in vandag se gesangboeke bestaan het. Om daarom hierdie sinsnedes verstaanbaar te maak, moet ons onself terugneem na daardie verlede waarin Paulus en sy lesers behoort, en ons uiteensetting daar onderneem met 'n oop gemoed en versigtige onderskeiding.

As 'n benadering tot identifisering van die gedigte wat deur hierdie aanwysings bedoel word, is daar duidelike bewys ter hande dat hulle almal Goddelik geïnspireer was, geskryf onder die buitengewone invloed van die Heilige Gees. Inleidend tot wat beskou word as beslissende bewys, kan sommige oorwegings wat hierdie belangrike bewering 'n sterk moontlikheid maak afgelei word.

1. Eerstens, in hierdie verse is die opdrag wat gegee word nie om lofliedere voor te berei of te verskaf nie, maar slegs om hulle te sing. Hierop moet ons toegelaat word om aan te dring. Maar in die afwesigheid van 'n uitdruklike opdrag om so te maak, sou hierdie Christene van Klein-Asië nie stadig gewees het met die skryf van oorspronklike gesange vir gebruik in aanbidding nie, en wanneer die Psalms, geskryf op die bergtoppe van inspirasie, en vol van die dinge van God, oral, soos erken word, 'n kerklike handboek was? Is dit waarskynlik dat enige sou, in eie raad en sonder hulp, die vermetelheid of die versugting gehad het om so 'n nuwigheid te probeer?
2. Daarbenewens, as enige uit nie-Joodse afkoms hierdie vryheid uitgeoefen het, sou dit nie sterk protes ontlok het tussen die Joodse broeders nie? Die eerste bekeerlinge na die Christendom was gewoonlik Jode. Hierdie het die begin gevorm van die kerke in die dorpe en stede van die Romeinse Ryk, en vir 'n tyd lank moes hulle status en bevoorregte posisie beklee het. Hulle het saam met hulle vanaf die sinagoge die hoogsgewaardeerde Psalms gebring, daardie Psalms wat met hul heiligste erfenisse geassosieer is, en wat bekend was as passend vir die Meester se gebruik, en daardeur dubbeld geheilig. Vasklemmende hieraan met 'n geërfde waardering, moes hulle 'n ongeïnspireerde nie-Joodse himnodie lewendig teengestaan het. Die feit, daarom, dat oor die onderwerp van lofsang daar nie die geringste eggo van onenigheid of twis in die Apostoliese Kerk is nie, dui aan dat daar geen inbraak van enige vreemde element was nie.
3. Weereens, dit is algeheel onwaarskynlik dat gesangskrywers, gemeet selfs teen menslike standarde, gevind sou kon word in die kerke van hierdie tyd. Die nie-Joodse lede, binne wie se sirkel die soektog beperk word, is maar onlangs gered uit die onkunde en besoedeling van die heidendom, en hulle het onvolwasse, selfs foutiewe, verstaan van godsdienstige leer gehad. Hulle letterkundige vermoëns, ook, moes beperk gewees het, want "nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie" was geroep. Inderdaad, die lae sosiale status van die vroeë Christene was die vaste verwyf van vyandelike kritici. Dit alles gegewe, waar moet ons die rype vroomheid, die geestelike onderskeiding, die opvoeding, en die digterlike vermoë en kuns wat as vanselfsprekend aanvaar moet word vind, as ongeïnspireerde liedere geskik om naas die Psalms genoem te word, hier in gedagte is? Mense wat die egtheid van Efésiërs en Kolossense ontken, beweer dat die verwysing na presies sulke liedere is, en gaan dan voort om af te lei dat vir juis onder andere dié rede, hierdie Sendbriewe hulself verraai as later as die Apostoliese tydvak.

4. Bowendien, as die Psalms van die Skrif bedoel word deur die woord “psalms”, soos wat vir die huidige veronderstel word, is dit ondenkbaar dat Paulus menslike komposisies sou verbind met dit van die Gees van God, en voorskryf vir gebruik tot dieselfde doel. Dit is waar dat in meeste gesangbundels die geïnspireerde en ongeïnspireerde vermeng is, ongeag van die kloof in betekenis en toon wat hulle verdeel. Soms, te wyte aan groter behoudensheid en ‘n fyner waardering van betaamlike gedrag, word hierdie verwarring aangepas tot die mate dat die Psalms bymekaar gehou en die eerste bladsye toegeken word. Maar dit alles is onbepalend. Ons interpreteer Paulus, en hy het eksakte idees gehad oor inspirasie. Dit was hy wat die Ou Testament geskryfte, ingesluit die Psalmboek, uitgesonder het as “God-ingege(w)e”² literatuur, beklee met onskendbare heiligheid. Dit was hy wat homself, ‘n Apostel van die Nuwe Verbond, beskryf het as ontvangend waarheid deur Goddelike openbaring, en as gewend uiting daaraan “nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer”³. Dit skyn ongelooflik, daarom, dat in hierdie geval hy ‘n onderskeiding sou vertrap wat hy elders jaloers behou en ongeïnspireerde liedere in kompetisie met dit wat geïnspireerd is plaas as sou dit gelyke onderwysingswaarde hê.

Wat sover opgemerk is verskaf oortuigende gronde vir die mening dat die lofsange en geestelike liedere van ons Skrifgedeeltes alles van geïnspireerde kwaliteit was. Die kronende demonstrasie hiervan, nogtans, lê in die beskrywende term, “geestelik”. Dit maak glad nie saak in die argument nie, of hierdie byvoeglike naamwoord beskou word as beperkend op elkeen van die voorafgaande woorde of nie. Daar is diegene wat dink dat dit van toepassing is op die “psalms” en “lofsange”, ‘n mening wat nie in disharmonie met Griekse woordorde is nie⁴. Maar, natuurlik, is daar geen reël wat dit voorskryf nie, en aan die ander kant, soos later te voorskyn sal kom, is daar genoeg rede vir beperking van “geestelike” tot “liedere” alleen. Ter selfdertyd is dit aard-reflekerend ten opsigte van al die lofkomposisies hier gespesifiseer. Die drie woorde mag sinonieme wees, soos ons verkies om te dink, of dit mag gesê word saam met Meyer dat die geestelike liedere die genus is, waarvan die psalms en die lofsange die spesies is, of “geestelike liedere” mag verwys na die laagste rang in ‘n trippel-kategorie. In alle geval, wanneer die frase “geestelik” gedefinieer word, is dit seker dat die “psalms” en “lofsange”, niks minder as die “liedere” nie, behoorlik gekarakteriseer is.

Nou wat is die belang van die woord? In die antwoord van hierdie sentrale vraag bevestig ons dat die Griekse oorspronklike, wat *pneumatichos* is, geen sulke breë betekenis het as wat “geestelik” in Afrikaans besit nie, en dat dit gewoon dui op watookal onmiddellik gegee of gemaak word deur die Gees van God. Dit word sodanig verklaar deur ‘n oorweldigende meerderheid van kritiese bronne, insluitende die gewigtigstes. ‘n Paar spesiale aanhalings sal nie buite orde wees nie. Dr Warfield, van Princeton Universiteit, skryf as volg in *The Presbyterian Review*⁵: “Uit die vyf-en-twintig kere waarin die woord voorkom in die Nuwe Testament, sink dit in geen enkele geval eers so laag as die menslike gees nie; en in vier-en-twintig van hulle is dit afgelei van *pneuma*, die Heilige Gees. In die sin van *behoorend tot, of bepalend deur, die Heilige Gees*, is die Nuwe Testamentiese gebruik eenvormig met die een enkele uitsondering van Efésiërs 6:12, waar dit blyk te verwys na die hoër, alhoewel gevalle, bo-menslike intelligensies. Die gepaste vertaling daarvoor in elke geval is Gees-gegewe, of Gees-geleid, of Gees-bepaald.” In *The Expositor*⁶ herhaal dr Warfield homself origens, en voeg by dat hierdie vertolking “is geleidelik besig om aanvaar te word deur die beste verklaarders”. Dr Laidlaw, van die Verenigde Vrye Kerk Kollege, Edinburg, in sy behandeling van die term in Hastings se *Dictionary of the Bible*, sê dat “alles *pneumatichos*, geestelik, is ‘n goddelike produk of skepping”. Eadie, in sy Kommentaar op Efésiërs⁷, merk dat *pneumatichos* beteken “gemaak deur of behoorend tot die Heilige Gees”, en voeg

² II Timótheüs 3:16

³ I Korinthiërs 2:13

⁴ Aldus Hofmann, Soden, Koppe, Rosenmüller, Walter Lowrie en James Dick (Belfast). TK Abbott, in *The International Critical Commentary*, laat dit ‘n ope vraag. Volgens hierdie mening word die posisie van die byvoeglike naamwoord beskou as bepalend vir sy verbuiging. Terwyl dit elke selfstandige naamwoord kwalifiseer, neem dit die naaste se grammatikale geslag aan.

⁵ Julie-uitgawe van 1880.

⁶ Derde Reeks, Volume 4, bladsy 137.

⁷ Sien kommentaar op Efésiërs 1:3.

by dat dit “die heersende betekenis is van hierdie beskrywende titel in die Nuwe Testament”. Dr Charles Hodge, in sy Kommentaar op I Korinthiërs⁸, sê: “Een van die mees algemene betekenis van die woord *geestelik* in die Skrif is *afgelei van die Gees*. Geestelike gawes en geestelike seënninge is gawes en seënninge waarvan die Gees die outeur is.” Dieselfde mening word gehuldig deur sulke Nuwe Testamentiese taalkenners soos Cremer, Parkhurst, Robinson en Thayer, en dit word voorgestaan in McClintock en Strong se Ensiklopedie.

Tussen andere wat kommentaar gee op die woord *pneumatichos* soos dit elders in die Nuwe Testament gevind word en die gegewe betekenis voorstaan is Barnes, Chalmers, Denney, Farrar, Fausset, Fronmüller (Lange Kommentaar), Gifford, Godet, Gore, Hort, Kling, Schmiedel, Stanley, Moses Stuart en Marvin R Vincent. Kom ons by kenners op die gedeeltes onder beskouing, merk ons dat baie van die meer beroemdes en geleerdes handhaaf dieselfde eksegetiese en beskou hierdie “geestelike liederes” as geïnspireerd, “die produksies van die Heilige Gees in die afdeling van poësie”. Sien die Nuwe Testamentiese woordeboeke deur Cremer, deur Robinson en deur Thayer. Onder kommentators oor Kolossense of Efésiërs, verwys ons na Alford, Beet, Braune (Lange Kommentaar), Cheyne, Cone, Dale, Eadie, Ellicott, Findlay, Maclaren, Meyer, Riddle, Salmond en Tholuck. Hodge en Barnes word nie ingesluit in hierdie laaste lys nie, en hulle teenstrydige verklaring verskaf ‘n leersame waarskuwing van hoe eksegete verlei kan word deur persoonlike neiging en gebruik. Hanterende die term in Efésiërs 5:19, skryf Hodge as volg: “Dit mag beteken *ge-inspireerd*, d.i. afgelei uit die Gees; of uitdrukkinggewend aan geestelike gedagtes en gevoelens. Die laaste is die meer waarskynlike.” En tog in elke geval, behalwe hierdie een, waarin *pneumatichos* voorkom in die Nuwe Testamentiese Boeke waarop hy kommentaar gelewer het, hou Hodge stoer by die ander idee van die woord, en selfs hier word hy gedwing om dit toe te laat as van toepassing. Barnes is skuldig aan dieselfde fout.

Die som van ons bevinding sover is, eerstens, dat daar ‘n liggaam van sterk veronderstellende bewyse is vir die inspirasie van Paulus se “psalms en lofsange en geestelike liederes”, en, tweedens, dat die byvoeglike naamwoord *pneumatichos* hulle na hierdie hoë vlak bo twyfel oplik en seël as geskryf deur poëties begaafde manne onder die buitengewone drang en leiding van die Heilige Gees. Passend by so ‘n gevolgtrekking is die volgende van ‘n hoofartikel in die *North British Review*⁹, van Edinburg: “Dit is waarskynlik dat, terwyl die wonderwerkende invloede van die Gees op die aarde voortgeduur het, geen ongeïnspireerde liederes toegelaat is in die openbare of private aanbidding van Christene nie.” Selfs al gaan ons niks verder nie, sou dit voorkom, en ons verklaar sodanig, dat in Efésiërs 5:19 en Kolossense 3:16 daar nie ‘n greintjie regverdiging is vir die gebruik van menslik gekomponeerde lirieke in aanbidding nie. Selfs as ander geïnspireerde odes as die van die Psalmboek in hierdie Skrifgedeeltes oorweeg sou word, sou dit ‘n verbysterende afleidingsdaad wees om daaruit die menigvuldige hedendaagse himnologie wettig te maak wat voortspruit uit die onderskeiding, en volgens die wysheid, van die gevalle mens. Volmag vir so ‘n ongeïnspireerde himnologie word noodsaaklik benodig, maar hulle wat dit hier soek arbei tevergeefs.

Om hierdie kritiek te bowe te kom is daar sommige van ons gesangsingende broeders wat beweer dat ‘n gesang neergepen deur ‘n goeie man en bevattend evangeliese sentiment as “geïnspireerd” gereken kan word. So skryf dr R McCheyne Edgar¹⁰, van Dublin, onlangs: “Sy [die Heilige Gees se] inspirasies was nie uitgeput toe die Kanon voltooi is nie; en as Hy gebede inspireer wat nog nooit opgeneem is in enige gebede-boek, kanoniek of andersins, nie, is dit nie redelik om te glo dat Hy ook soortgelyk die digters geïnspireer het wat hulself toegewy het aan heilige liederes, ten spyte daarvan dat hul ‘geestelike liederes’ nooit geplaas kan word in die Kanon nie?” So ‘n argument lei tot die gevaarlikste gevolge, en steek ‘n afwagterende, alhoewel onbewuste, ongelowigheid weg. Dit tas die Skriftuurlike leer van inspirasie aan deur dit te verwar met geestelike verligting, net soos wat deur Schleiermacher en sy skool gedoen is. Onversoenbaar as wat dit is met die geloof van die Kerk universeel, wat altyd ‘n duidelike onderskeid getref het tussen die geskryfte van geïnspireerde manne en dié van gewone gelowiges, verdien dit niks behalwe afkeuring nie.

⁸ Sien kommentaar op I Korinthiërs 10:3.

⁹ Volume 27, bladsy 195

¹⁰ *Progressive Presbyterianism*, bladsy 144
Pro Regno nr.10

Beramend hierdie “psalms en lofsange en geestelike liedere” as alles geïnspireerd, bly verskeie veronderstellings oop. Die eerste is dat Paulus, denkend aan die eenaardige vervoering wat die Apostoliese Kerk deurweek het, verwys na nuwe liedere wonderwerkend op heterdaad uit die vuis gekomponeer deur diegene wat in ‘n staat van geïnspireerde ekstase verkeer het; dit is hy verwys na ‘n ritmiese vorm van die gawe om in tale te spreek. Hierdie teorie is sonder grond, want:

1. ‘n Voorraad van reeds bestaande lirieke word veronderstel in die taal van die Skrifgedeelte. Duidelik lê Paulus sy lesers dit op om te sing wat toe reeds toeganklik was, en bedoel nie onbekende, nie-bestaande odes, wat nog geïmproviseer moet word nie. Bovendien, die “psalms” waarna verwys word het reeds bestaan, en die dronkmansliedere van heidenfeeste wat as teenpool dien in een van die kontekste (Efésiërs 5:18) was klaar gemaak. Waarom nie ook hierdie “lofsange en geestelike liedere” nie ?
2. Daar is geen bewys dat liriese begifting onder die genadegawes, die charismatiese aktiwiteite, van die Pauliniese kerke was nie.
3. Paulus sê van die gawe om in tale te spreek dat dit nie die Kerk tot stigting dien nie behalwe onder sekere beperkings¹¹, en, daarom, so ver onderwysing aangaan, moes hy afkeurig gewees het teenoor soortgelyke uitbarstings van gevoelens in sang. Hier, daarenteen, moedig hy aan dit wat van essensiële belang is vir lering en vermaning¹².

Siende dat ekstatische impromptus nie ‘n moontlikheid is nie, laat ons kyk na ‘n ander teorie, naamlik dat verwys word na geïnspireerde liedere oorspronklik tot die tyd en voorberei vir algemene gebruik deur die Apostels of ander bonatuurlik begaafde manne. Dit ook is grondloos en onstandhoubaar:

1. Daar is geen opgetekende goddelike opdrag in die Nuwe Testament wat gesangskrywers daarstel nie, ook nie enige belofte hulp van die Heilige Gees in ‘n liriese rigting nie.
2. Onder die verskeidenheid van gawes wat in ryke mate geskenk is aan die begin van die huidige dispensasie word die gawe van godsdienstige poësie nie genoem nie, en tog was gesangkomposisie juis so ‘n gawe in die Ou Testament.
3. Daar is ‘n ononderbroke stilte in die Nuwe Testament aangaande die werklike maak van sulke odes. Die vorming van ‘n geïnspireerde himnologie was ‘n mees belangrike gebeurlikheid in die voormalige ekonomie, sodat dit aangedui word in die Ou Testament. Ons sou daarom redelikerwys verwag dat daar ten minste iets van ‘n wenk van ‘n soortgelyke verskynsel in die Apostoliese Kerk sou gewees het, en nog meer so omdat die welgevestigde instelling van Psalmodie daardeur verander sou word.
4. Nie een so ‘n gesang, of selfs ‘n enkele oorspronklike spoor van een, het behoue gebly nie. Daar is geen lofsange in die Derde Evangelie nie, alhoewel oorhaastige skrywers praat van die “Adventsgesange”. Die liedere van Openbaring is nie aanhalings uit ‘n gesangboek nie, maar is integrale dele van Openbaring self; hulle behoort tot die gesigte wat Johannes gesien het terwyl hy opgeneem is in die hemele. Die verklaring dat daar gesangagtige fragmente verstrooi is oor die Nuwe Testament berus op pure gissing, alleen maar verwysend na ‘n bietjie welluidende Grieks¹³. Oor ‘n beweerde Apostoliese himnodie het ‘n onlangse kritikus so bekwaam soos

¹¹ I Korinthiërs 14:1-33

¹² Kolossense 3:16

¹³ Dean Howson, in reaksie op die bespiegeling dat ‘n sekere gedeelte in Romeine ‘n liriese aanhaling is, sê: “Die feit dat die gedeelte opgebreek kan word in ‘n stel oneweredige lyne, bestaande uit dogmeïese en gorjambiese versvoete bewys niks nie; aangesien daar skaars enige teksgedeelte in Griekse prosa bestaan wat nie opgebreek kan word in liriese poësie deur dieselfde metode nie; net soos, in Afrikaans, die kolomme van ‘n koerant afgelees kan word as heksameters (spondeïes, of andersins), heeltemal so goed as meeste van die sogenaamde

Eduard Reuss, van Straatsburg, gesê dat dit “kan nie bewys word uit die twyfelagtige spore wat as getuieis daarvoor aangevoer word nie”¹⁴. Siende dat daar geen oorblyfsel van ‘n Apostoliese himnodie nog bestaande is nie, is die veronderstelling sterk dat daar nooit enige sodanige himnodie was nie. As buite-Psalmodiese gesange en liedere van geïnspireerde oorsprong huidig was tot die vroeë Kerk, kon hulle nie almal vergaan het nie.

5. Soos Cheyne dit stel in *The Encyclopedia Biblica*¹⁵, voorveronderstel die taal van Paulus ‘n voorraad van liedere wat uit die hoof bekend was en maklik tot die tong gekom het. Is dit veronderstelbaar dat binne ‘n geslag na die dood van Christus ‘n versameling van Apostoliese odes gekoördineerd met die Psalms tot vorm sou kristaliseer, en dat hierdie welbekend was in die kerke van Klein-Asië, wat minder as tien jaar oud was?

Die argument hersienend, mag dit natuurlikerwys as ‘n morele sekerheid voorgehou word dat daar in die Kerk van die Nuwe Testament (toe nog in kleuterskoene) geen skepping van geïnspireerde gesange was vir sosiale aanbidding nie. Selfs as die teenoorgestelde erken word, staar mens steeds die feit in die gesig dat sulke produksies maar kort-stondiglik bestaan het en onherwinbaar verlore is. Die saak, daarom, sou steeds presies dieselfde bly ten opsigte van ons, omdat geen menslike komposisies dit wat “God-inge(w)e” was kan vervang nie.

Die basis is nou gelê om daarop aan te dring dat die lofliedere in hierdie tweelinggedeeltes behoort aan die Psalmboek alleen. As ‘n teëwrig tot die verklarings wat afgewys is, is dit moontlik om met sekerheid aan te toon dat die drie terme toegepas is op die Psalms van die Skrif lank voor Paulus geskryf het, en dat hierdie gebruik algemeen verspreid was in die Kerk van sy tyd. Vir die bewys hiervan vertrou ons hoofsaaklik op die Septuagint. Die Jode van die Vertrouing, nie alleen in Egipte nie, maar in Westelike Asië en Europa, het gewoonlik Grieks gepraat. Gedurende die tweede en derde eeue voor Christus het die Griekse vertaling van die Ou Testament bekend as die Septuagint in hul belang verskyn. Die naam Septuagint is verkry van die legende dat die vertaling deur sewentig vertalers gedoen is. Sy gebruik het vinnig versprei, en teen die tyd van die opkoms van die Christelike era het al die Griekstalige Jode hul Bybel deur hierdie medium gelees. Philo van Aleksandrië, die beste verteenwoordiger van Griekstalige Jodedom, het geheel en al op die Septuagint vertrou, en Josephus, self ‘n Palestynse Jood, verwys meer dikwels daarna as na die Hebreeus. Gevolglik het die bodes van die Evangelie hierdie weergawe onmiddelik ter hande gevind, en het dit saam met hulle gegaan oral waar Grieks verstaan is. Net soos die Nuwe Testament geskryf is in Grieks vir Grieksprekende mense, so is die Ou Testament, die enigste Skrif van die vroeë Apostoliese tydperk, deur die Kerk heen gesirkuleer in die Griekse kleding van die Septuagint.

Dat die Apostels welbekend was met hierdie vertaling en dit algemeen gebruik het word aangetoon daarin dat twee derdes van hul Ou Testamentiese aanhalings uit die blaai van die Septuagint kom. As ons kyk na die ontvangers van hierdie briewe word dit toegegee dat die Christene in Klein-Asië hoofsaaklik nie-Joods was, en tog, soos Ramsay¹⁶ bewys het, was daar groot getalle Jode in hierdie streek, veral in die Grieks-Asiese stede, en die Boek van Handeling¹⁷ maak dit duidelik dat hulle en hul proseliete die kern was van die kerke daar geplant. Dit opsigself waarborg dat die Septuagint in tipiese gebruik was in hierdie gemeenskappe. En selfs as ‘n Joodse element uitgesluit word van die beoordeling, kon die nie-Joodse Christene in Efese, Kolosse en elders, die Skrif alleen in daardie weergawe gelees het wat in algemene omloop was, en wat Apostoliese sanksie ontvang het. Dit volg dat die Psalmliedere, wat, soos dit feitlik eenparig erken word, ‘n integrale deel van hul aanbidding was, en wat op hul Griekse dreunsang melodië gesing is, uit die vertaling van die Sewentig moes gekom het.

Afrikaanse heksameters wat gepubliseer word.” *Life and Epistles of St Paul*, deur Conybane en Howson, Volume 1, bladsy 195.

¹⁴ *History of the New Testament*, Volume 1, bladsy 162

¹⁵ Artikel oor *Hymns*.

¹⁶ Sien *The Church in the Roman Empire* en *St Paul the Traveller and the Roman Citizen*.

¹⁷ Sien Handeling 13:14; 14:1; 16:1,3; 19:8,10

By raadpleging van hierdie groot vertaling, sal selfs die mees oppervlakkige leser opmerk, eerstens, dat daar 'n vaste patroon is van hierdie drie benoemings, "psalms", "lofsange" en "liedere", in die formele titels van die komposisies van die Psalmboek; tweedens, dat die terme "lofsange" en "liedere", met hul verwante werkwoorde, weer en weer voorkom in die teks of die liggaam van die Psalms; en, derdens, dat dieselfde terme dikwels gebruik word in die historiese Boeke, beide kanoniek en apokrief, met verwysing na die Psalmboek. Behalwe die hoof-titel van die Psalmboek in die geheel, wat "Psalms" (*psalmoi*) is, is dit welbekend dat meeste van hierdie geïnspireerde odes titels van hul eie het. In sewe en sestig van hierdie kom die woord "psalm" (*psalmos*) voor¹⁸, in ses die woord "lofsang" (*hymnos*)¹⁹, en in vyf en dertig die woord "lied" (*odé*)²⁰, dieselfde Griekse woorde wat gebruik word in die twee teksgedeeltes waarna ons ondersoek instel. Steeds verder: "psalm" en "lied" word twaalf keer saamgevoeg²¹, en "psalm" en "lofsang" twee keer²².

In die titel van die Ses en Sewentigste Psalm staan al drie terme hand aan hand, net soos in ons tweelingtekste, en die titel van die Vyf en Sestigste Psalm bevat "psalm" en "lied", terwyl daar in die eerste vers van die komposisie gepraat word as 'n "lofsang". Dit is ook noemenswaardig in hierdie saamgestelde inskrywings dat ons terme maklik met mekaar verwissel, en dat "lofsang" herhaaldelik in die meervoud geskryf word, wat voorstel dat na die mening van die Sewentig was dit van toepassing op al die gedigte van die Psalmboek. Daar is sulke verskeie frases soos "'n psalm van 'n lied", "'n lied van 'n psalm", "'n psalm, 'n lied", "in psalms 'n lied", "in lofsange 'n psalm", "in lofsange, 'n psalm, 'n lied".

Wegbewegend van die titels van die Griekse Psalmboek, is die terme "lofsang" en "lied", met hul verwante werkwoorde en selfstandige naamwoorde, vrylik versprei ook deur die teks van sy odes, synde beskrywend van hierdie komposisies²³. Drie aanhalings uit sestien is voldoende. Die Veertigste Psalm, vierde vers, lui: "Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang (*hymnon*) tot onse God". By die sluiting van die Twee en Sewentigste Psalm is daar die frase, "Hier eindig die lofsange (*hoí hymnoi*) van Dawid, die seun van Isai." Hierdie samestellerstoevoeging mag van toepassing wees op die volledige voorafgaande versameling, Psalms 1 en 72 ingesluit, soos Perowne beweer, of dit mag geheg gewees het aan 'n groep Dawidiese Psalms wat in die Psalmboek geïnkorporeer is. In beide gevalle dui dit daarop dat die vertalers van die Septuagint, Psalms onderskeidingloos en kollektief onder die naam "lofsange" (*hymnoi*) verstaan het. Weereens lees ons in Psalm 137:3: "Daar het hulle wat ons gevange geneem het, van ons die woorde van 'n lied (*odon*) gevra, en hulle wat ons weggevoer het, het gesê: Sing vir ons 'n lofsang (*hymnon*) uit die liedere (*ech ton odon*) van Sion". Hier betrek die woord "liedere" (*odai*) al die Psalms, en 'n "lofsang" kan ewekansig gekies word vanuit hierdie "liedere".

Wanneer ons oorbeweeg van die Psalms self na die Geskiedenisboeke van die Septuagint, is die terminologie identies. In II Samuel, I Kronieke, II Kronieke en Nehemía is daar sestien gevalle²⁴ hiervan en in hulle word die Psalms as 'n pluraliteit onderskeidingloos "lofsange" (*hymnoi*) of "liedere" (*odai*) genoem, en die sing daarvan word "lofsing" (*hymnéo, hymnodéo, hymnésis*) genoem. Soortgelyk, in die Apokriewe Boeke van die Septuagint, soms beskou as 'n byvoegsel tot die Ou Testament, soms as 'n

¹⁸ Naamlik, Psalms 1, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 11, 12, 13, 14, 15, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 29, 30, 31, 38, 40, 41, 43, 44, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 73, 75, 76, 77, 79, 80, 81, 82, 83, 84, 85, 87, 88, 92, 94, 98, 99, 100, 101, 108, 109, 110, 138, 139, 140, 141, 143. Al die Psalmnummers verwys na die nummers in die Afrikaanse vertaling, nie dié van die Septuagint nie.

¹⁹ Psalms 6, 54, 55, 61, 67, 76.

²⁰ Psalms 4, 18, 30, 39, 45, 48, 65, 66, 68, 75, 76, 83, 87, 88, 91, 92, 93, 95, 96, 108, 120, 121, 122, 123, 124, 125, 126, 127, 128, 129, 130, 131, 132, 133, 134.

²¹ Psalms 4, 30, 48, 65, 66, 68, 75, 83, 87, 88, 92, 108.

²² Psalms 6, 67.

²³ Sien Psalms 9:17; 22:23; 40:4; 65:2; 69:31; 71:6,8; 72:20; 92:1-4; 100:4; 118:14; 119:171; 137:3,4; 144:9; 148:14. Versverdeling in Afrikaanse en Nederlandse Bybels word hier aangewend, en verskil in sommige Psalms van die ooreenkomstige versverdeling in Engelse Bybels.

²⁴ Sien II Samuel 6:5; 22:1,2; I Kronieke 15:22; 16:42; 25:6; II Kronieke 5:13; 7:6; 23:13,18; 29:30; 34:12; Nehemía 12:24,27,36,46.

deel daarvan, trek dieselfde volgehoue gebruik aandag ten minste tien maal, soos gesien sal word by bestudering van Jesus Sirag, sowel as I en II Makkabeërs²⁵.

Dit dan is die veelvoudige en kumulatiewe getuienis van die Septuagint, Paulus se Bybel en die Bybel van die kerke van Klein-Asië. Dui dit nie ongetwyfeld op die gevolgtrekking dat die Apostel niks anders as die Griekse Psalmboek in gedagte het wanneer hy die drie benamings wat dit so lank gedra het aanwend, en wat vir elkeen so gemaklik sou byval nie? En hier is dit die moeite werd om sy opdrag weer op te let. Hy sê nie dat die geadreseerdes psalms, lofsange en liedere moet maak nie, maar dat hulle dit wat hulle gehad het moet gebruik, en waarmee hulle bekendheid veronderstel is. En wat was hierdie? Wat in die omstandighede kon dit gewees het, in die gedagte van óf die skrywer óf die lesers, behalwe daardie goddelike stel lirieke bekend onder hierdie drie antieke titels, en wat, sover as wat die geskiedenis openbaar maak, die enigste samestelling van godsdienstige liedere was onder enige naam bekend?

Veronderstel dat slegs die Psalmboek gebruik is in die Christelike Kerk tot op hede, dat dit wortel geskied het in die harte van die kerkvolk, en dat in die Afrikaanse vertaling van die Bybel en die gewilde lofbundels haar honderd en vyftig odes genoem is psalms, lofsange en liedere. Stel u daarby ook voor dat 'n pastorale brief gestuur is aan ons gemeentes, adviserende die volk om die woord van Christus ryklik in hulle te laat woon in alle wysheid, en om mekaar te leer en vermaan met psalms en lofsange en geestelike liedere. Wat sou verstaan word onder hierdie oproep? Die vraag antwoord homself. Maar hierdie was presies die omstandighede tussen die kerke van Klein-Asië. Volgens die beginsels van geskiedkundige kritiek, dus, is die bewyse ruimskoots en beslissend dat hierdie versgedeeltes die tegniese Psalmbenoemings van die Septuagint herproduseer.

Teenoor suksesvolle beswaar, let op dat kenners feitlik eenstemmig is dat in die eerste van die drie woorde die Psalmboek na verwys word, óf uitsluitlik óf hoofsaaklik²⁶. Reuss en andere meen dit is ondenkbaar dat die woord "psalm" (*psalmos*) enige plek in die Nuwe Testament 'n wyer betekenis sou hê²⁷. Dit dan welgevestig dat die Apostel met die skryf van die woord "psalm" definitief voor oë het die Psalmboek in sy Griekse gewaad, hoe is dit moontlik om billikerwys te ontken dat die terme wat hy saamvoeg by die "psalms" beperk is tot daardie gebruiklike toepassing daarvan op die Psalmboek waarvan die Septuagint getuig? In so 'n groepering, gekoördineerd met "psalms", en sonder 'n wenk van enige nuwe gebruik van hierdie terme, hoe kon hulle weggelei gewees het van hul stereotipe betekenis?

Ons posisie, alreeds goed gestewig, ontvang merkbare bevestiging uit die Aleksandrynse Weergawe. Philo, die geleerde Joodse filosoof, wat tydens ons Here se lewe en onmiddelik daarna geskryf het (oorlede AD 40), gebruik nooit eens die woord "psalm" (*psalmos*) of sy samestellings in verband met sy vele aanhalings uit die Psalmboek nie, maar altyd "lofsang" (*hymnos*) of een van sy samestellings²⁸. Dit laat Cheyne aflei dat Aleksandië 'n spesiale uitgawe van die Griekse Psalmboek gehad het met "lofsange" (*hymnoi*) as sy lopende titel²⁹, terwyl Edwin Hatch Philo se gebruik verklaar met die teorie dat "lofsange" (*hymnoi*) die ouer benaming was van die Psalms³⁰. Flavius Josephus, die gevierde historikus, wat Joodse Griekstalige letterkunde verteenwoordig in die geslag wat na Philo gevolg het, vertel hoe

²⁵ Sien Jesus Sirag 47:10; 51:14; I Makkabeërs 4:24,33,54; 13:51; II Makkabeërs 1:30; 10:7,38; 12:37.

Versverwysings in Jesus Sirag volg hier die Nederlandse *Statenvertaling* wat verskil van die ooreenkomstige versnommers in die Engelse *King James (Authorized) Version*.

²⁶ Aldus dr Alexander, Biskop van Derry, Bloomfield, Eadie, Hodge, Lathrop, Lightfoot, Maclaren, Oehler, Olshausen, Reuss, Salmond, Stier, Tholuck, en meeste kommentators.

²⁷ By I Korinthiërs 14:26 vind sommige in *psalmos* 'n verwysing na 'n geïmproviseerde ontboeseming van 'n geïnspireerde aard, maar skrywers soos Binnie, Trench, en Reuss staan hierdie beskouing teen, en stel dat die gebruik van die woord absoluut is. Laasgenoemde posisie word gehandhaaf in die *Encyclopædia Britannica* (artikel oor *Hymns*), en deur Graham in sy Kommentaar of Efésiërs.

²⁸ Sien *Quod Deus Sit Immutabilis*, 16 (i.284); *De Agricultura*, 12 (i.308); *De Plantatione Noe*, 7 (i.335); *De Confusione Linguarum*, 11 (i.410); *De migratione Abrahami*, 28 (i.460); *De Profugis*, 11 (i.555); *De Mutatione Nominum*, 20 (i.596); *De Somniis*, Boek i.13 (i.632) en Boek ii.37 (i.690).

²⁹ *Bampton Lectures for 1889*, bladsy 12.

³⁰ *Essays in Biblical Greek*, bladsy 174.

“Dawid liedere (*odas*) en lofsange (*hymnous*) gekomponeer het” en verwys herhaaldelik na die Psalms as “lofsange”³¹. Die Nuwe Testament self, elders as in hierdie teksgedeeltes in Efésiërs en Kolossense, stem onmiskenbaar ooreen in dieselfde getuienis. In Matthéüs 26:30 en Markus 14:26 is dit opgeneem dat na die instelling van die Nagmaal ons Here en Sy Apostels “gelofsing” of “die lofsang gesing” het (*hymnésantes*). Almal gee toe dat wat Jesus so beskryf word as singende in daardie harseer nag was die tweede deel van die Pasga Hallel, Psalms 115 tot 118 insluitend, en tog noem die Evangelis hierdie die “sing van lofsange”³². Laat dit opgemerk word dat hierdie Evangelies eggo die gevestigde gebruik van die Kerk in die tyd wat hulle geskryf is³³, en dat hulle en ons twee Sendbriewe tot dieselfde dekade behoort.

En nou, by samevoeging van wat afgelei is uit die Septuagint, uit die genoemde bekende Griekstalige outeurs, en uit die Nuwe Testament self, is dit onaanvegbaar dat gedurende die Apostoliese dae, in beide Joodse en Christelike sirkels, dit die gebruik was om na die lirieke van die Psalmboek onderskeidingloos te verwys as “psalms”, “lofsange” of “liedere”. So stewig, inderdaad, was dit vasgestel dat dit voortgeduur het onder die vroeë Griekse vaders en in die tweede eeuse Griekse weergawes van die Ou Testament, dié van Aquila, dié van Teodosius, en dié van Simmachus.

Volgens die verklaring wat ons hier handhaaf van die teksverse onder oë, word die verskillende terme as sinonieme gesien. Dit is sekerlik waar in die Septuagint, waar “psalm”, “lofsang” en “lied” opvallend verwissel, waar in der waarheid dieselfde Hebreeuse naamwoord vertaal word as “lofsang” en “psalm”³⁴, en waar, in die meervoud soos hier, elke woord ‘n titel is vir die hele Psalmboek. Sels sommige wat nie in hierdie Nuwe Testamentiese terme ‘n uitsluitlike verwysing na die Psalmboek vind nie waardeer hulle as sinoniem, alhoewel hierdie toegewing skade berokken as gevolg van die algemene aanvaarde aanduiding van “psalm” (*psalmos*)³⁵. Dat die gedigte van die Psalmboek in werklikheid onder elkeen van hierdie terme val is duidelik. Soos dr J Addison Alexander van hulle sê: “Hulle is almal nie alleen poëties nie, maar lirie, dit is liedere, gedigte bedoel om gesing te word”³⁶. Hulle is ook psalms, want hulle oorspronklike vertolking was met instrumentale begeleiding³⁷. En hulle is gesange in dat hulle intrinsiek godsdienstig is, beliggamend aanbidding, danksegging, belydenis en smeking tot God. So uitgesproke is hul lofsangaard dat hulle ononderbroke die benoeming “gesang” ontvang het van die vroegste tye af. Die ou Hebreeuse naam vir die Psalmboek, dié van die Rabbies en daarna van die Talmoed, was *Sefer Tehilim*³⁸, “Boek van Lofsange”, of soos dit geparafraseer kan word “Gesangboek”.

Daarna kom die vroeë Griekse gebruik, Bybels en buite-Bybels, alreeds genoem. Opeenvolgende eeue daarna handhaaf hierdie praktyk soos gesien kan word in die Apostoliese Uitvaardigings en in die werke van sulke Kerkvaders soos Justinus die Martelaar, Hippolitus, Eusebius, Hilarius, Atanasius, Hieronimus, Augustinus en Cassianus. Getuienis uit die Middeleeue kan vermenigvuldig word tot ‘n groot hoeveelheid, maar Beda Venerabilis gee die goue draad van sulke getuienis weer wanneer hy praat van die hele Psalmboek as sou dit *Liber Hymnorum* / Gesangboek genoem word deur universele instemming. Daarna, deur die Reformasie-periode heen en verder deur tot by moderne tye, word die Psalms onophoudelik van gepraat as gesange. En vandag, ten spyte van die gewilde kloof tussen psalms en gesange, identifiseer al ons woordeboeke, soos die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, psalms as godsdienstige liedere / himnes / lofliedere / geestelike liedere / gesange, akademiese

³¹ Joodse Oudhede, Boek 7, Hoofstuk 12, Afdeling 3; Boek 11, Hoofstuk 3, Afdeling 8; Hoofstuk 4, Afdeling 2; Hoofstuk 9, Afdeling 6.

³² Hulle gebruik die deelwoord *hymnéo*, ‘n werkwoord korrelerend met *hymnos*.

³³ Die gelykluidenheid van die twee Evangelies in die gebruik van *hymnésantes* bewys dit.

³⁴ Die woord *Neginot* word weergegee as “lofsange” in die inskripsies van Psalms 6, 54, 55, 61, 67 en 76, terwyl in die inskripsie van Psalm 4 dit as “psalms” aangegee word.

³⁵ Lightfoot sê oor Kolossense 3:16: “Dit is heeltemal moontlik vir dieselfde lied om tegelyk *psalmos*, *hymnos* en *odé* te wees”. Orello Cone sê dat hierdie “drie terme essensieel sinoniem is, en die effense skakeringsverskille in betekenis nie maklik definieerbaar is nie”.

³⁶ Inleiding tot Kommentaar op Psalms.

³⁷ *Psalmos* is van *psallein*, “om te speel op ‘n snaarinstrument”.

³⁸ Van *Tehila*, “lof, loflied”.

skrywers³⁹ beskryf die Psalmboek as “’n gesangboek”, “die gesangboek van die Tweede Tempel”, of “die gesangboek van die Gereformeerde Kerke” en Psalms word ingestik by versamelings van menslike komposisies en genoem “gesange” saam met die res.

Teen die toekenning van hierdie drie terme tot die Psalmboek word dit daarop gewys dat “liedere” (*odai*) ‘n byvoeglikheid het in die woord “geestelik” (*pneumatichai*) wat ongekend is, en wat afhanklikheid van die Septuagint verbied in die eksegeese van hierdie teksgedeeltes. Dit is nie “psalms, gesange en liedere” nie, word aan ons gesê, maar “psalms, gesange en *geestelike* liedere”. Die beswaar is redelik, maar dit verkrimp tot die punt van verdwyning en word haarklowery wanneer die konteks in Efésiërs opgemerk word. Die Grieke, veral die Grieke van Asië, was toegewy aan musiek. Lied en kwinkslag, gestimuleer deur die wynbeker, was die vermaaklikheid van die sosiale uur, en dikwels was hierdie grof en ligsinnig. Hul godsdienstige feeste selfs het die orgies van Bacchus en Venus ingesluit, waar veragtelike faliese liedere ‘n kenmerk was. Ter kontras met hierdie bouse brassery vertel Paulus sy lesers om hul byeenkomste te verlewendig met die vreugde wat die Gees van God skenk, en om hulself uit te druk in liedere wat deur Hom geïnspireer is. Die antwoord, daarom, tot die beswaar gelig is dat terwyl die terme “psalms” en “lofsange” as vatsoenlike godsdienstige liedere verstaan is, het die term “liedere” spesifiek vuile betekenis gekry in heidense omgangstaal, en die Apostel voeg die woord “geestelik” by om Christelike liedere van alle ander te differensieer en om die teenoorgestelde wat hy in gedagte gehad het te klassifiseer as aards, sensueel en duiwels⁴⁰.

Met die voorkoms van die woord “geestelik” verlig, word dit voor die hand gedoen dat die korrektheid van sy toepassing op die Psalms nie ontken kan word nie. Dat hulle die vrug is van die inspirasie van God, komende van manne in werking gestel deur die Heilige Gees, word by herhaling gekonstateer in die Skrif⁴¹, en word bevestig deur die behandeling aan hulle toegeken deur ons Here en Sy Apostels. In die waarheid te sê, hul inspirasie is aanvoelbaar, aantastbaar. Die Boek dra vooraan die goddelike beeld en opskrif, en dit is nie oordrywing nie om te sê dat dit die opvallendste produk van die Gees binne die grense van die Kanon is. Hier verlaat ons verdediging, en stel dat hierdie lofvolume absoluut uniek is in dat selfs uit sy lirieke alleen kan dit gebaseer word dat hulle “pneumatiese” of “geestelike” liedere is. Tussen bestaande gesangboeke is daar geen ander in die ganse wêreld wat sulke liedere bevat nie, behalwe waar hulle uit die Psalmboek geleen het.

Weereens, is dit al gevra: Is hierdie driedubbele lys nie oortollig as die Psalmboek die enigste verwysing in die drie terme gemaak word nie? In antwoord, let op:

1. As daar enige probleem hier is, word dit maar slegs effens verminder deur diegene wat ons teëgaan in die vertolking van die teksgedeeltes. Hulle vind nie drie loftipes soos hulle in konsekwentheid behoort te vind nie, maar hulle stop by ‘n tweeledige sortering, want nieteenstaande alle pogings misluk dit steeds om te onderskei tussen “lofsange” en “geestelike liedere”. Hulle kan die “psalms” om hul eie isoleer, maar die “lofsange” en “geestelike liedere” bly versmelt en verward. Daar is geen groot verskil tussen vereniging van die verwysings van twee terme en dit van drie nie. As daar tautologie in een geval is, is daar tautologie in die ander.
2. Dit is algemeen in die Skrif om na dieselfde voorwerp met verskillende name in nou verband te verwys, om ‘n voller en meer beklemtoonde beskrywing daarvan te gee deur sy veelvuldige kante te spesifiseer. Paulus self val dikwels terug op sulke samestellings⁴².
3. Dit is ‘n feit dat Paulus se Psalmboek aan die Psalms juis hierdie titels toegeken het, soms in kombinasie, en twee keer in driedubbele kombinasie van hierdie verse⁴³.

³⁹ Soos Ewald, Stanley en Robertson Smith.

⁴⁰ Chrisostomos gebruik as teenstelling *hai satanichai odai*, “Sataniese liedere”.

⁴¹ II Samuel 23:2; Matthéüs 22:43; Markus 12:36; Handeling 1:16; 4:25; Hebreërs 4:5; 5:5,6.

⁴² Sien Exodus 34:7; Levitikus 16:21; I Konings 6:12; I Kronieke 29:19; Psalms 19:8,9; 119:regdeur; II Korinthiërs 12:12; Kolossense 1:9; II Thessalonicense 2:9; I Timótheüs 2:1; Hebreërs 2:4.

⁴³ Psalms 65 en 76 is reeds genoem. Die enigste ander egte titels in die Griekse Psalmboek is *Hallelouía*

(Halleluja) en *Proseuché* (Gebed). Die eerste is ‘n tussenwerpsel of uitroep en word agtien keer gevind – Psalms

4. Hierdie voorskrifte in Efésiërs en Kolossense het 'n lewendige en dringende konteks, en dit is in lyn hiermee om aan te neem dat hul opeenhoping van terme, soos dr SDF Salmond sê, met die oog op retoriese krag is.

'n Ander beswaar wat teen ons verklaring voorgehou word is dat as die Psalmboek uitsluitend bedoel was, sou die bepaalde lidwoord die drie woorde voorafgegaan het. Hierdie lidwoordargument word as volg kort mette mee gemaak:

1. In die Griekse Psalmboek self word die lidwoord nie gebruik ten opsigte van enige een van hierdie drie titels nie, nie eens by die inleidende *psalmoi* nie.
2. Paulus mag bedoel het dat die woorde kwalitatief verstaan moes word. Dit word verkies in Efésiërs waar daar 'n stilswyende teenstelling is met bacchanaliese liedere.
3. In Nuwe Testamentiese Grieks, sowel as in die klassieke, word die lidwoord dikwels uitgelaat voor soortname wat 'n welbekende voorwerp aandui⁴⁴, en daar is alreeds gewys dat hierdie drie titels aangeheg was by 'n geskiedkundige stelsel van lof goed bekend onder die Apostels en die Asiëse kerke.

Ons eksegeese van hierdie gedeeltes is nou amper voltooi, maar dit moet steeds bewys word dat dit aan die vereistes van die dubbele konteks voldoen. Oorweeg, eerstens, die verhouding in die Kolossense-tekste tussen die inwoning van "die woord van Christus" en die sing van "psalms en lofsange en geestelike liedere". Of sulke sang beskou moet word as die wyse waarop "die woord van Christus" geskenk word, of as die uitkoms van sy inwoning, is onbelangrik vir die huidige, want in die psalms, lofsange en geestelike liedere waarvan gepraat word moet in elkgeval eenstemmig wees met "die woord van Christus", en dit bevat. Sover dit die frase, "die woord van Christus", betref, wat hier alleen voorkom, is 'n dokumentêre of literêre bedoeling daarvan onwaarskynlik. Laat dit in die algemeen verstaan word as die onderwysing van Christus, die liggaam van waarheid waardeur die mens wys tot verlossing gemaak word, en ten volle toegerus word tot elke goeie werk.

En nou vra ons, glinster en gloei die Psalmboek nie met die reddende leerstellings van die Christelike geloof nie? Openbaar dit nie, buiten die vier Evangelies, "die gedagte wat in Christus Jesus was" nie? Was die res van die Bybel vernietig gewees, sou dit nie 'n uitleg van die weg van lewe bewaar het wat duidelik genoeg was om 'n gevalle ras te red nie? Is dit nie 'n waaragtige aangevoel wat uitgewers daartoe gelei het om die Psalmboek saam te bind met die Nuwe Testament as synde ooglopend van nabyverwante aard nie? Dit was Augustinus, die vermaarde Latynse Vader, wat gesê het dat "die stem van Christus en Sy Kerk byna die enigste stem te hore is in die Psalms". Bengel het van die Psalmboek gepraat as "'n buitengewone deel van die Skrif, waarin die onderwerp van Christus en Sy Koninkryk mees oorfloediglik bespreek word". Meer onlangs het Franz Delitzsch, die groot Duitse eksegeet en Hebreïer, geskryf: "Daar is geen essensiële Nuwe Testamentiese waarheid wat nie in die Psalms vervat word nie." Hierdie getuigenisse sal standvastig bly.

Christus het Homself in die gesig gestaar in die Psalmboek; geensins het Hy "(ge)sien ... deur 'n spieël in 'n raaisel" nie; en Sy Apostels, te oordeel aan die hope van hul aanhalings, het in die odes van die Psalmboek, die Messiaanse en evangeliese element in oorfloedige mate gevind. Die Psalmboekverwysing in hierdie drie terme gehoorsaam dus die vereistes van die konteks, so ver dit die frase, "die woord van Christus", aangaan. Kan dieselfde gesê word van enige wedywerende verwysing? Kan enige segsman van ongeïnspireerde himnodie handhaaf dat daarin 'n omvattende voorstelling van "die woord van Christus" gelykstaande aan die Psalmboek is? Dit was niemand minder nie as dr James H Brookes van die Presbiteriaanse Kerk in die Verenigde State van Amerika, wat 'n paar jaar terug gesê

105, 106, 107, 111, 112, 113, 114, 116, 117, 118, 119, 135, 136, 146, 147, 148, 149, 150. Die tweede word aangeheg by vyf Psalms – 17, 86, 90, 102, 142.

⁴⁴ Sien Winer se *New Testament Grammar*, Sewende uitgawe, Afdeling 19.

het: "Dit is moeilik om in enige gewone gesangboek 'n dosyn gesange te vind wat in akkoord is met die woord van Christus."⁴⁵

Nog 'n keer: Daar word aan die Christene van Kolosse vertel om deur hierdie psalms, lofsange en geestelike liedere "mekaar" te "leer en vermaan". Maar aangesien dit gewoonlik die Apostel se gebruik is om sy lesers na die Skrif te verwys vir lering en vermaning, en aangesien vir hierdie doeleindes hy sterk steun op die Psalms in sy Sendbriewe, word die goddelike lofboek onmiddelik voorgestel as sy enigste gedagte. Sekerlik is dit lofsange van 'n besliste dogmaties-onderwysende tipe wat veronderstel word. En dit is presies hierin waar die instellende krag en leerstellige wese van Psalmgesange bo alle ander skitterend troon. Die Psalmboek mag wel godsdiens wees en nie teologie nie, soos dit soms gestel word, maar dit het nietemin 'n grondige didaktiese aard wat onbenaderd en onbenaderbaar deur ongeïnspireerde lirieke is.

Derdens: In Efésiërs is die "spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere" die vervolg op "met die Gees vervul" wees. In plaas van die opwinding van sterk drank, wees Goddeurdronge deur die vervulling van die Gees, en gee uitting aan u vreugdevolle emosies in psalms, lofsange en geestelike liedere. So verloop die vermaning. Hier alweer, let op hoe juispassend die Bybelliedere ooreenstem met so 'n verbintenis. Ontvang die volheid van die Gees, en stort dan jul siele uit in die lofsange van die Psalmboek, in woorde uitgedruk deur die Gees, soos hulle almal is, en geurig van Sy heilige inspirasie. Die *Pneuma* en Sy eie *pneumatiese* psalm: wat God dan saamgevoeg het in hierdie teksverse, mag geen mens skei nie.

Die laaste klousule in elke teksgedeelte is 'n oomblik se aandag waardig. In Kolossense, moes die sang wees "tot eer van die Here" as die Onderwerp en Toehoorder van lof, nie tot Christus spesifiewelik en eksklusiewelik nie. Dit, soos almal bewus is, is uitdruklik waar van die Psalms, wat, alhoewel vol van Christus, en Hom oor en oor herhaaldelik uitsonder, nie Sy organiese eenheid met God in die essensie van die Goddelike Wese vergeet nie. Die parallel in Efésiërs lees ook "tot eer van die Here"; en hier ook soos vers 20 wys, word Christus beskou as die Middelaar deur Wie die lofoffer opgedra word aan Hom Wie die uiteindelijke bron van seëning is, "God die Vader".

Ter opsomming van die uitkomst van ons eksegeese is dit dan bepaal:

1. Dat die "psalms en lofsange en geestelike liedere" van hierdie teksgedeeltes niks insluit wat ongeïnspireerd is nie, en ook nie enige komposisies nuutgeïnspireerd in die Apostoliese Tydvak nie.
2. Dat hulle almal omhels word in die Psalmboek, met hierdie bevinding gebaseer op die onaantasbare getuienis van die Griekse Bybel en Psalmboek deur Paulus en die Pauliniese kerke gebruik, op die gebruik van tydgenootlike Griekse skrywers, op die getuienis van die Evangelies volgens Matthéüs en Markus, op die konformerings van die Psalmboek tot hierdie drieledige karakterisering, en op die feit dat 'n eksklusiewe verwysing na die Psalms elke postulering van die konteks bevredig.

Die alternatiewe teorie, alhoewel, na ons mening, suiwer spekulerend en arbitrêr, is nie weggevee op 'n arrogante wyse nie, aangesien geen stelling in die eksposisie-proses 'n oordrywing was nie, maar substantief bewys is. As die eksegeese nou aangebied geloofwaardig is, volg dit dat die Apostoliese Kerk slegs Psalms ingespan het in die ordinansie van musikale aanbidding, en dat om onself tot hulle te beperk in hierdie heilige oefening 'n Nuwe Testamentiese bevel is.

Onder die teenoorgestelde vertolking, laat dit opgelet word:

1. Dat die Psalms steeds die hoofposisie inneem voor lofsange en geestelike liedere, en dat meeste gesangsingende Kerke hierdie feit ignoreer deur hulself te beperk tot 'n menslike himnologie.

⁴⁵ In die tydskrif getiteld *Truth*.
Pro Regno nr.10

2. Dat die sing van geïnspireerde lofsange in aanbidding nie net-net toegelaat word nie, maar eksplisiet voorgeskryf word, en is, daarom, bindend – ‘n bewering wat min sou verdedig.

Tussen die erkende kenners wat die voorafgaande interpretasie van hierdie teksverse handhaaf mag die volgendes genoem word: Clemens, die gevierde Griekse Vader wat gepresideer het oor die Kategeteskoel van Aleksandrië (*Paidagogus*, Boek 3, Hoofstuk 4); Hieronimus, die mees geleerde van die vroeë Vaders van die Latynse Kerk (Kommentaar op Efésiërs); Beza, die vriend en vaardigste medehelper van Calvyn (Kommentaar op Kolossense); John Owen, die prins van Engelse teoloë in die sewentiende eeu (Voorwoord tot ‘n metriese uitgawe van die Psalms uitgegee in 1673 vir die gebruik onder die Independente en Dissenters van Engeland); Jean Daillé (sterwe 1670), ‘n gevierde Franse Protestantse predikant (Eksposisie van Kolossense); Cotton Mather (sterwe 1728), die welbekende Amerikaanse outeur; Thomas Ridgley, ‘n standaard Engelse skrywer oor teologie (*Body of Divinity*, 1819 Uitgawe, Volume 4, bladsy 134); Jonathan Edwards (sterwe 1758), die bekende Amerikaanse teoloog en metafisikus (*History of Redemption*, Periode 1, Deel 5); John Gill, ‘n geleerde Orientalis en Baptiste teoloog van die agtiende eeu (*Body of Divinity* en Kommentaar op Efésiërs); John Brown van Haddington in Skotland, professor in die teologie in die *Associate Synod of Scotland* (sterwe 1787) (*Dictionary of the Bible*); William Romaine, ‘n uitstaande outeur van die agtiende eeu in die Kerk van Engeland; Walter F Hook (sterwe 1875), ‘n Anglikaanse predikant en ekklesiastiese geskiedkundige (*Church Dictionary*); *The Encyclopaedia Britannica*, artikel oor *Hymns*, deur die Agbare Graaf van Selborne; William Binnie van Skotland (*The Psalms: Their History, Teachings, and Use*. Londen, 1877); HCB Bazely van Oxford in Engeland (sterwe 1881) (Biografie); EL Hicks, ampsdraer in die Kerk van Engeland in Worcester (*Biography of Henry Bazely*); Eduard Reuss van Straatsburg, die groot Protestantse teoloog van Elzas (sterwe 1891) (*History of the New Testament*); Tayler Lewis, vir baie jare professor van die Griekse Taal en Letterkunde in *Union College*, Schenectady, Nieu York, Amerika (*The Bible Psalmody*); Philip Schaff, van *Union Theological Seminary*, Nieu York Stad, die gewaardeerde Kerkgeskiedkundige (sterwe 1893) (*History of the Christian Church*, Volume 1, bladsy 463); en wyle John A Broadus, van die *Southern Baptist Theological Seminary* (Kommentaar op Matthéüs).

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: <http://proregno.blogspot.com>

“As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op” – Maarten Luther